

27 September Spreuke 9:1-6, 13-18; NGB 35; (Teks: 9:4-6)

Kom sit aan om wysheid te bekom

Van nature is elke mens stompsinnig en dwaas. Van God en sy genade wil hy niks weet nie. Hoe pateties is dit as so 'n dom mens boonop dink hy is slim. Dit gebeur omdat hy die leuen van die duiwel glo. Die duiwel probeer voortdurend om die mens te mislei. Die mens is so dom dat hy die vader van die leuen glo! Wat 'n groot genade dat God sy liefde aan dom en astrante sondaars bewys! Volgens sy ewige Raad het die alwyse God besluit om sy uitverkorenes van die misleiding van die duiwel te verlos. Die Vader het sy eniggebore Seun gestuur om die valsheid van die duiwel te kom ontmasker. Die duiwel het hom selfs teenoor Jesus probeer slim hou. Baie gou was dit duidelik dat hy die alwyse Seun van God nie kon uitoorlê nie. Jesus Christus het sy verlossingswerk volbring.

God roep ons om ons dwaasheid te laat staan en ware wysheid te bekom. Spreuke 9 skets die opposisie tussen "Wysheid" en "Dwaasheid". "Dwaasheid" is die groot verleidster wat talle mense mislei. Hierteenoor gee God wysheid aan onervare mense. Die Heilige Gees skenk wedergeboorte aan dom en redelose mense. Deur die verkondiging van die Evangelie verlig Hy hulle verstand en gee Hy wysheid. Hierdie mense besef iets van God se groot genade. Deur die brood en wyn by die Heilige Nagmaal voed en onderhou Hy hierdie wysheid. Soos "Wysheid" in Spreuke 9 nooi Hy ons na die Nagmaalstafel. As ons sy uitnodiging hoor en kom, sal ons insig groei totdat ons eindelijk met volkome insig aan die bruilofsmaal van die Lam sal aansit.

Sing: Psalm 23:3 Prof. F.P. Viljoen (Teologiese Skool Potchefstroom)